NHKA
NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK VAN AFRIKA

blitspos

Jaargang 18 – Uitgawe 22

12 Junie 2025

# Vaders en Jeug: ’n liefdevolle verbintenis van generasies

Om *Blitspos* te ontvang, stuur ’n e-pos na bladuitleg@nhk.co.za of grafies@nhk.co.za en versoek dat u naam op die versendingslys geplaas word

Nuus, berigte en kort kommentaar (uiters 100 woorde) aan taal@nhk.co.za

Webblad van die Hervormde Kerk www.nhka.org

Die redaksie aanvaar verantwoordelikheid vir die inhoud. Menings deur skrywers uitgespreek, is egter nie noodwendig die beleid of standpunt van die Hervormde Kerk nie.

***Kinders, wees as gelowiges aan julle ouers gehoorsaam, want dit is wat die wet van God vereis. “Eer jou vader en jou moeder” is ’n baie belangrike gebod. En daar is nog ’n belofte by: “sodat dit met jou goed mag gaan en jy lank mag lewe op die aarde.” En vaders, moenie julle kinders so behandel dat hulle opstandig word nie, maar maak hulle groot met tug en vermaning soos die Here dit wil*** **(Ef 6: 1-4).**

In die maand van Junie vier ons in Suid-Afrika twee belangrike dae: **Vadersdag** en **Jeugdag**. Op die oog af mag dit voorkom asof hierdie dae niks met mekaar te doen het nie – die een vier volwassenheid en vaderlike sorg, die ander herinner ons aan die stryd en krag van die jeug veral binne die konteks van die Suid-Afrikaanse geskiedenis.

Tog as ons na Efesiërs 6: 1-4 kyk, sien ons dat God ’n diep en goddelike verbintenis tussen ouers en kinders ontwerp het, ’n band wat beide generasies se verantwoordelikhede en voorregte onderstreep en ’n oproep wat ver verby die geskiedenis strek.

Vadersdag is ’n dag om die rol van vaders weer in die kollig te plaas, maar dit is ook ’n tyd vir selfondersoek. Die Bybel roep vaders op om nie hul kinders so te behandel dat hulle opstandig word nie. Dit wil sê, moenie hulle frustreer of ontmoedig deur onregverdige of inkonsekwente dissipline nie. In plaas daarvan moet vaders hul kinders opvoed in die tug en vermaning van die Here. Hierdie opdrag is nie ’n opsionele ekstra nie, maar ’n kern opdrag van geloofsgetroue vaderskap.

Vaders is geroep om die waarheid van God se Woord te leef en oor te dra. Hulle is die geestelike leiers in die huis, modelle van gebed, geduld en liefde. So word hulle die eerste beeld van God se Vaderhart wat hul kinders van geregtigheid, genade en verantwoordelikheid leer.

Jeugdag mag die moed en stem van jongmense in herinnering roep, veral binne die konteks van Suid-Afrika se geskiedenis, maar die Bybel roep die jeug op tot gehoorsaamheid en eerbied vir hul ouers. Hierdie eerbied is nie net ’n sosiale plig nie, maar ’n goddelike opdrag – een wat die belofte van seën inhou.

Ons leef in ’n wêreld waar generasiegapings en wantroue tussen jonk en oud alledaags is. Maar God se plan is anders – Hy roep beide jeug en ouers op tot respek, liefde en omgee vir mekaar. Wanneer kinders hul ouers eer, en vaders hul kinders in liefde en waarheid lei, ontstaan daar gesonde families en uiteindelik ’n gesonde samelewing. Iets wat wêreldwyd so nodig is.

Laat hierdie maand vir ons ’n herinnering wees – die jeug het die krag om die toekoms te vorm, en vaders het die roeping om die pad na die toekoms te wys. In Christus word hierdie verhouding geheilig en versterk. Mag ons gesinne getuig van ’n geslag wat God eer, en vaders wat die geloofspad vir hul kinders baan.

**Ds Frikkie van Wyk**
**(Montana-Oos)**

## Lief en leed

- Die emeriti wat 50/60/65-jaar ampsjubileums vier, is deur die Kommissie van die AKV genooi vir ete. ’n Geraamde sertifikaat is aan hulle oorhandig tesame met ’n bos blomme vir hul eggenotes.



- Die Kommissie het tydens hul vergadering van die volgende verneem:
  - Ons dink steeds aan **dr DJC van Wyk (sr) en sy vrou Frieda** wat albei siek is.
  - **Ds Willem en mev Hananja Dreyer** het op 5 Junie 2025 ’n babaseuntjie, Joseph, ryker geword. Sy broer **ds Petrus en mev Willemien Dreyer** van Australië het op 9 Junie 2025 ’n dogtertjie Leah Marie ryker geword. **Prof Wim en mev Gerda Dreyer** het dus binne die bestek van ’n paar dae vir die negende en tiende keer oupa en ouma geword!
  - **Ds Juan de Beer** se vrou **Maleny** het ligamente in haar voet geskeur, en sy skoonpa het ’n beroerte gehad.
  - **Dr Charel du Toit** het sy doktorsgraad in Nuwe Testament aan die Vrije Universiteit Amsterdam verwerf.
  - **Thomas Manders**, seun van **di Jimmy Manders en Janine Bevolo-Manders**, het sy PGDAS (nagraadse diploma in rekeningkunde) verwerf.



Dr Charel du Toit


- **Die volgende predikante verjaar tot 20 Junie 2025, en word hartlik geluk gewens:**

  - Vrydag 13 Junie: Prof MJ du P (Bieks) Beukes (emeritus)
  - Saterdag 14 Junie: Ds GFJ (Gert) Beukes (emeritus)
  - Sondag 15 Junie: Prof RA (Rudy) Denton (emeritus /dosent/Grimbeekpark)
  - Maandag 16 Junie: Dr JHL (Jan) Truter (emeritus/Letsitele)
  - Woensdag 18 Junie: Prof EC (Elsabé) Kloppers (emeritus), en ds DJR (Danie) Malan (Johannesburg)
  - Donderdag 19 Junie: Ds W (Willem) de V Sauer (Waterberg)
  - Vrydag 20 Junie: Dr A (Annelie) Botha (dosent/Kempten)

## Kerklike en ander publikasies






- In die **Junie 2025-uitgawe** van ***Die Christelike Vrou*** gee **Faith Durie** vir ons 'n blik op *Tannie Graaf* met haar geloof, hoop en liefde wat sy uitstraal. **Susan Janse van Rensburg**, voorsitter NHSV Dorslandstreek, deel hulle ervaring met ons tydens die onlangse NHSV Streekbyeenkoms van Namibië wat in Mei 2025 te Windhoek oor twee dae plaasgevind het. **Marina Nortjé**, voorsitter NHSV Swellendamstreek, brei uit oor hulle Streekbyeenkoms se hoogtepunte van April 2025 te Stilbaai. **Daleen Gouws**, Kommunikasie beampte Ons Tuis, stel Ons Tuis se nuwe resepteboek *Dek die tafel* aan ons bekend wat op 22 Mei 2025 vrygestel is tydens 'n spoggeleentheid. **Mari-lizé Beukes**, Uitvoerende Direkteur Ons Tuis, skyn die kollig op die *Tooi Turkoois-veldtog* se klem op die voorkoming van mishandeling van bejaardes en hulle versorging. Volg die skakel na ons NHSV publikasies **https://nhsv.org.za/publikasies/**.

## 'n Gedig

**Die Gans Andere**

Ek tel soms u spoor op
soos U deur die wêreld beweeg
en probeer die rigting daarvan volg,
maar te snel beweeg U voor my uit.
Dit is u misterie: u paaie,
soms vir my krom, vol draaie,
is die reguit paaie van u wysheid
wat uit U vloei, ewig bedink, voor ons tyd.

**Prof JH Barkhuizen**

## Fondsinsamelings

- **Dis weer basaartyd!** Laat weet asseblief (**taal@nhk.co.za**) wanneer ons by julle heerlike pannekoek en basaarpoeding kan kom eet. Ons weet van die volgende basaars:
  - 27 Junie: Odendaalsrus
  - 26 Julie: Wonderboom
- **Gemeente Kampersrus Hoedspruit** hou op **26 Julie 2025** hul jaarlikse **gholfdag** by Drakensig Gholfbaan. 'n Gelukkige speler wat 'n kolskoot slaan, wen 'n New Holland TT85 trekker. Daar is baie ander pryse te wen! Teen R4 000 per vierbal, vierspeler *American*

*scramble* is dit iets om na uit te sien. Putjiekoste vir borge is R1 500. Daar is ook gratis akkommodasie in 'n gastehuis in Hoedspruit vir die eerste vierbal en/of vierbal-*American Scramble* wat bespreek en betaal vanaf 'n ander plek as Hoedspruit. (Dit geld slegs vir spelers). Kontak Susan la Grange by 072 636 8001 indien u belangstel.

- Kom kuier saam! **Gemeente Wonderboom** nooi jou hartlik uit na hul **basaar op Saterdag 26 Julie 2025!**
  Tyd: 09:00 tot 13:00
  Plek: Marjoramlaan 219, Wonderboom




- **Gemeente Hartebeestpoort** (Brits) bied weer dié jaar hul 3de **Bosveld Mtb** op **2 Augustus 2025** aan as 'n fondsinsameling vir die gemeente. Daar is 'n keuse van vyf afstande, naamlik 4 km & 8 km *kiddies ride* 36 km, 91 km en156 km.
  **Plek: Brits Vliegveld**
  **Tyd: Begin om 07:00.**
  Aanlyn inskrywings kan gedoen word. Dié jaar het ons nog meer waterpunte en Bakkies Botha is ons gas vir die dag. Hy gaan self die 91 km doen.
  Vir **navrae** kontak: Ds Corlien van der Merwe (083 654 8154), Marcel by Hartebeestpoort kerkkantoor (012 252 4315), Mechiel Ras (072 605 1393) of Mias van der Merwe (083 320 2466). Klik ***hier*** vir meer inligting en inskrywings. Gaan kyk gerus wat sê die vorige deelnemers onder *Testemony* (sic) op die webwerf.

## Toerusting




- Die Fakulteit Teologie en Religiekunde aan die Universiteit van Pretoria nooi u uit om deel te neem aan hul konferensie getiteld *Radical Thinking and the Concept of Truth* wat op **23 en 24 Oktober** plaasvind. Opsommings moet teen **15 Junie 2025** aan mnr Thabiso Thoka gestuur word by **giventt@gmail.com**.

## Barmhartigheid

- **Louis Trichardt-behuisingskompleks vir bejaardes** in Danville, Pretoria, bied kamergeriewe met twee etes per dag teen R3 850 per maand. Vir meer inligting, kontak mev Yvonne Willemse of matrone Jenny Wesson by 012 386 5310.




- **Ons Tuis (Andries Marié Oosthuizen) in Parys** het plek beskikbaar in die tehuise vir versorging van verswakte bejaardes teen R9 760 per maand. 'n Volledige versorgingsfasiliteit sluit in 24-uur-versorging, drie maaltye per dag en sekuriteit. Behuisingsfasiliteite teen R5 990 per maand is ook beskikbaar op dieselfde perseel; dit sluit drie etes en weeklikse wasgoed en skoonmaak van kamers in asook gratis deelname aan sosiale programme. Vir meer besonderhede, skakel matrone Teresa Broodryk by 056 811 2185.

- **Seniordal-aftreeoord** is die eiendom van die NHKA se **Gemeente Pretoria** en spesialiseer in lewensregverkope en verhuring aan selfversorgende persone ouer as 55 jaar. Die oord is geleë in die veilige omgewing van Rietondale in Pretoria. Seniordal beskik oor 24-uur-veiligheidsdienste en toegangsbeheer, en bestaan uit die volgende woonstelle:

  - Eenslaapkamer: R515 000
  - 1½-slaapkamer: R520 000
  - Tweeslaapkamer: R560 000

  Kontak Salomie Stolz by 012 329 4313 (08:00-12:00) of 083 308 0520 (na-ure) vir meer inligting.

- **Herfsakker Selfsorg-aftreeoord in Groblersdal:** Behuising beskikbaar vir persone ouer as 60. Geen versorging beskikbaar nie, persone moet selfversorgend wees. Geen etes word voorsien nie. Eie tuin. Tariewe is per vierkante meter en verskil van huis tot huis. 'n Deposito van twee maande huur is betaalbaar. Vir meer besonderhede, skakel Frik Rossouw by 082 830 6591.

- **Belfast Rusoord** bied onder meer 24-uur mediese versorging, CCTV, 24-uur-toegangsbeheer, drie gebalanseerde maaltye per dag, en aktiwiteite vir elkeen. Daar is fasiliteite vir semiversorging, verswakte bejaardes, en woonstelle vir selfversorging. Kontak Riana de Villiers by 013 253 31211 / 063 663 7449 / **manager@belfastrusoord.co.za** vir meer inligting en tariewe.

- **Athalia Uitreik in Bloemfontein** bied verblyf vir en versorging van bejaardes en persone met gestremdhede. Daar is enkel- en deelkamergeriewe in 'n huislike atmosfeer, verblyf met drie etes ingesluit, verblyf sonder versorging, en 24-uur-versorging. Navrae: 079 826 6363 / 084 023 0315 / 051 522 6089 / **navrae@athalia.co.za** / **www.athalia.co.za**.

## Betaalde advertensies in hierdie nuusbrief

Die koste van advertensies is **R250 per plasing (BTW ingesluit)**. Die verskuldigde bedrag moet uitgemaak word aan die Raad van Finansies, ABSA tjekrekening nommer 020-000-287, takkode 632-005, verwysing: u naam + Blitspos. Neem kennis dat die redaksie in itsonderlike gevalle mag besluit om ’n advertensie nie te plaas nie en die adverteerder se geld terug te betaal. Meer besonderhede oor advertensies kan aangevra word van **taal@nhk.co.za**.

## Gebed vir die week

Liewe Heer,

Hoe kan ek ooit wonder of U naby is?
Ek hoef maar net na die wildevy te kyk wat klou aan sy rots
om te weet dat U mý rots is.
Daardie wildevy kry die kleinste skeurtjie in die rots om hom te anker.
Leer my ook om soos daardie wildevy aan U te klou!
U is my rots en my vaste anker.
U is daar vir my, ek moet net glo!
Help my om soos die diere van die natuur vir vandag te leef.
Môre sal vir homself sorg.
U sal vir môre sorg!

Amen.




Redakteur: Dr Johan van Staden
Subredakteurs: Ds Etienne Fourie en dr Annelie Botha
Koördineerder: Mej Sanet du Plessis
Uitlegkunstenaar: Mev Francis Nel
Joernalis: Ds Iwana Hartmann